

Gereformeerde Kerk Bellville – 14 Junie 2015 – oggend

Sing vooraf staande: Psalm 33:5, 6 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 100:1, 2, 3, 4 (p. 494)

- | | | | |
|---|--|---|---|
| 1 | Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 | Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 | Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 | Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Skrifberyming 9-3:1, 2

- 1 Voor u wet, Heer, staan ons skuldig. / Liefde is die groot gebod!
Liefde is ons steeds verskuldig / aan ons naaste en ons God.
Ons wil u gebod bewaar, / maar ons struikel baie kere.
Leer ons liefde vir mekaar, / maar bo al vir U, o Here.
- 2 Liefde doen aan niemand kwaad nie – / dis vervulling van die Wet.
Dié gebod mag ons nie laat nie, / maar met ywer daarop let.
Ons weet, ver is reeds die nag; / ken die tydsomstandighede –
weldra breek die volle dag. / Wek ons, Heer, uit valse vrede!

Gebed

Skrifberyming 1-1:1, 2 (24:1, 2)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die eewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe in dooie harte wek.

Skriflesing: Efesiërs 1:1-14; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 6

Kernvers: Efesiërs 1:11-12

In Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil, sodat ons kan wees tot lof van sy heerlijkheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het.

(Efesiërs 1:11-12 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 1, Artikel 6

Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit. Immers: Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend (Hand 15:18), en Hy doen alles volgens die raad van sy wil (Efes 1:11). Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik – hoe verhard hulle ook al mag wees – en buig hulle om tot geloof. Hulle wat egter nie verkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly. Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeid tussen die mense, wat almal ewe verlore is. Dit is die besluit van die uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is. Verkeerde, onreine en onstandvastige mense verdraai hierdie leer tot hulle eie verderf, maar aan die heiliges en godvresendes gee dit onuitspreeklike troos.

Tema: God se ewige besluit is die grond van sy handeling in die tyd

Geliefde broers, susters en kinders in ons Here Jesus Christus, gestel jy het vir jouself 'n hond aangeskaf as 'n troeteldier vir jou kinders. Aanvanklik gaan dit goed en dit is 'n liewe hond. Maar op 'n dag gebeur daar iets onverklaarbaars – die hond byt een van jou kinders en die gevolg is groot mediese onkoste. Wat doen jy nou met die hond? Sommige mense sal die hond weggee of verkoop. In uiterste gevalle sal 'n mens selfs die hond van kant maak. Ek glo nie daar is iemand wat met 'n geruste hart die hond sal bly aanhou nie.

Ons goeie God het mense na sy beeld geskep – **in ware heiligheid en geregtigheid, sodat hy God, sy Skepper, reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys** (Heidelbergse Kategismus, Sondag 3:6). Maar op 'n dag het daar iets onverklaarbaars gebeur. Hierdie mense wat van die begin van hulle bestaan af nog net trou, liefde en sorg uit die hand van die Here ontvang het, besluit deur die aanhitsing van die duiwel en eiewillige moedswilligheid dat hulle nie meer met God se liefde, trou en sorg tevrede is nie. Hulle wil self in beheer wees van sake en daarom laat hulle hulleself deur die Satan se leuens meesleep en draai hulle die rug in wantroue op die Here.

Wat nou? Moet die Here maar aangaan met die mens asof niks gebeur het nie? Dit kan tog nie, want die mens het homself teen die hoë majesteit van God verhef. Moet die Here die mensdom nou maar gelate in die hande van die Satan laat? Hy sal mos nou as nuwe “eienaar” beter met so 'n mensdom oor die wegkom. Moet die Here die mense van kant maak, want Hy het mos gesê dat die regverdige gevolg van oortreding teen Hom die dood is?

Broers, susters en kinders, wanneer 'n mens die eerste vyf artikels van ons Dordtse Leerreëls aandagtig deurlees, staan die genadewerk van God telkens op die voorgrond. God is nie onder 'n verpligting om enige mens te verlos nie, want alle mense het hulleself

in Adam van God af losgeskeur en aan die Satan se kant gaan staan (DLR 1:1). Omdat dit nie God se wil was om die hele mensdom in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie, het God uit liefde sy Seun as Verlosser gestuur na 'n wêreld vol verlore mense (DLR 1:2). Uit genade stuur God ook verkondigers met hierdie goeie nuus na wie Hy wil en wanneer Hy wil, want Hy is aan geen mens iets verskuldig nie behalwe die regverdige oordeel (DLR 1:3). Die mense aan wie God geloof gee, neem Jesus as hulle Verlosser aan op grond van die verkondiging (DLR 1:4). Daar is egter ook mense wat hierdie goeie nuus verwerp en nie glo nie omdat hulle sondig en ongelowig is (DLR 1:5). In artikel 6 sê ons waarom sommige mense tot geloof kom en hoekom ander in hulle ongeloof bly voortlewe. Al die genadewerke van God wat ons in die eerste vyf artikels bely, is gegrond op sy ewige besluit.

Wat moet ons nou hier verstaan? Dit: Dat die Here in die stille ewigheid besluite aangaande allerlei dinge geneem het. Laat ons sê: God het planne gemaak oor die skepping en oor die onderhouding van die skepping en oor die verlossing van sondaars en nog baie ander dinge. Die besluit om aan 'n sekere aantal gevalle Adamskinders geloof te gee is dus 'n onderdeel van al die besluite. Maar tog nie sommer net 'n onderdeel nie. Dit is een van die belangrikste onderdele – sê maar: die kern daarvan. Rondom die uitverkiesing kring al die ander besluite van God uit. Dit volg uit wat geskryf staan, naamlik dat alle dinge ten goede meewerk vir diegene wat God na sy voorneme geroep het (Rom 8:28). Wat die Here dus in die tyd doen, het Hy in die ewigheid reeds besluit.

Tyd gaan ons toelaat om net na drie besluite wat God in die ewigheid geneem het en in die tyd uitgevoer het te kyk. Die Skrif noem hierdie ewige besluit van God ook die raad van God. Wanneer Petrus op Pinksterdag preek, sê hy onder andere aangaande Jesus se kruisiging:

Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet – Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring. (Handelinge 2:23 AFR53

Dat Christus dus deur die hande van goddelose mense gekruisig is, was God se ewige raadsbesluit. Die goddelose mense en die Israeliete was instrumente in God se hand om sy raadsbesluit uit te voer.

Nog 'n besluit van God: Josef bely die soewereine besluit van God wanneer hy vir sy broers sê:

Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, het God my voor julle uit gestuur. (Genesis 45:5 AFR53

Josef ignoreer nie die feit dat sy broers hom in 'n put gesit het en hom aan die Midianiete verkoop het nie. Tog wys Josef daarop dat God hierdie dinge so beskik het omdat Hy soewerein oor alles regeer, selfs oor die jaloesie tussen broers en die gebeure op die slawemark.

Deur die profeet Jesaja sê die Here aangaande Assirië en sy koning:

Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate. Maar hy bedoel

dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie. (Jesaja 10:5-7 AFR53)

Assirië en sy koning was daarop uit om elke volk rondom hulle te onderwerp en te vernietig. Soewerein het die Here dit so beskik en in sy raadsbesluit opgeneem om sy volk te tugtig deur middel van die Assiriërs. Uiteindelik sal die Here oor Assirië besoeking doen oor sy geweld en wreedheid.

As God dan beskik wat op die slawemark en in wêreldpolitiek gebeur, as Hy die werping en kruisiging van Jesus bepaal het – en dit is alles dinge waarin mense gemeen het dat hulleself 'n sê het – kan Hy mos ook bepaal wie verlos sal word. Omdat God soewerein is, beteken dit dat Hy bepaal wie verlos sal word. Indien die mens van die standpunt wil uitgaan dat sy verlossing van homself afhanklik is, ondermyn hy God se soewereiniteit. So 'n mens kan dan nie God se voorsienigheid of soewereiniteit bely nie.

Luister net weer wat bely ons aangaande God se voorsienigheid: **Die voorsienigheid van God is die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom. ... Alle skepsels is só in sy hand dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie** (Heidelbergse Kategismus, Sondag 10:27 en 28).

Die gevolgtrekking: As God dan in die groot en klein dinge van die lewe regeer, volg dit dat Hy ook besluit wat in sake van geloof en verlossing gebeur. Indien 'n mens egter die belydenis in artikel 6 van ons Dordtse Leerreëls wil betwis, val hy ook die belydenis in Sondag 10 van ons Heidelbergse Kategismus aan.

Dit is in Efesiërs 1 waar die Heilige Gees ons uitdruklik leer dat die verlossing van mense gegrond is in die soewereine besluit van God wat Hy in die ewigheid geneem het. Paulus begin die brief met lof aan God omdat Hy ons – dit is die ware gelowiges – met alle geestelike seënige in die hemel in Christus geseën het. En die eerste seëning wat genoem word is die feit dat Hy die gelowiges in Christus uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld. God het in die ewigheid beplan om die gelowiges vir Homself as sy kinders aan te neem deur Jesus Christus ooreenkomstig die welbhae van sy wil. Hierdie eerste verse beklemtoon dat God se soewereine besluit die rede is vir die verlossing van mense.

Dan gaan Paulus voort om die verlossingswerk van Christus wat Hy deur sy bloed gedoen het te verkondig. Maar in vers 9 keer hy weer terug na God se ewige voorneme. En asof dit nie genoeg is nie, kom hy in vers 11 en 12 weer daarop terug:

In Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil, sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat tevore reeds op Christus gehoop het. (Efesiërs 1:11-12 AFR53)

Vers 11 begin met **In Hom**. Keer op keer het Paulus vanaf vers 3 gesê **in Christus** of **in Hom**. Die rede waarom God 'n sekere aantal mense verlos, trek in Christus saam. Christus se verlossingswerk aan die kruis is die enigste rede waarom God mense met geestelike seënige wil en sal seën. Sonder Christus is ons niks en is daar geen rede waarom God ons in guns sal aanskou nie. Wie werklik al tot die besef gekom het van die genade om verlos te wees, sal nie anders kan as om die heerlikheid van Christus raak te sien nie.

Dan gaan Paulus voort in vers 11 om nog 'n geestelike seëning te noem wat die gelowiges ontvang. In Christus het die ware gelowiges ook 'n erfdeel ontvang. Hierdie erfdeel – uit die konteks – is niemand minder as die Heilige Gees self nie (Efes 1:14). En luister nou net: Die Heilige Gees is die onderpand van die ware gelowige se erfdeel. 'n Onderpand is ook 'n belofte van wat nog sal kom. In finansiële taal gesê: Die Heilige Gees is die deposito wat God aan sy kinders gee met die belofte dat Hy al die ander seëninge ook nog aan hulle sal gee. Hy sal hulle seën met vergifnis van sondes en uiteindelik die finale verlossing van alle sondes en ook die verlossing van hulle sondige natuur waarteen hulle daaglik moet stry.

Maar wat is die oorsaak van hierdie onuitspreeklike groot genade wat God aan mense bewys? Die antwoord hoor ons in die res van vers 11: **nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil**. God se ewige besluit en voorneme is die oorsaak. Omdat dit nie sy wil was om die hele mensdom in die vervloeking van die sonde te laat bly nie, het Hy Hom voorgeneem om 'n sekere aantal te red.

Die mens in wie die Heilige Gees saam met sy gees getuig dat Hy 'n kind van God is, kan verseker weet dat hy kind van God is omdat God reeds in die ewigheid 'n besluit oor hom geneem het. Hy het nie sommer maar net 'n gelowige geword nie. Hy het ook nie self besluit om 'n gelowige te word nie. God het in die ewigheid besluit om hom – 'n gevalle Adamskind – 'n gelowige te maak. Daarom het God sy Seun na die wêreld gestuur om vir daardie mens se sonde te sterf. Daarom het God aan daardie mens dan ook sy Heilige Gees gegee as onderpand van die erfdeel wat God aan hom toegesê het.

Wie ook al die voorreg ontvang het om waarlik in Christus te glo, sal kan terugkyk in sy lewe en sien hoe God alles bewerk het sodat hy in 'n spesifieke stadium die evangelie gehoor het waarmee die Heilige Gees die geloof in sy hart opgewek het. In die tyd voer God alles uit volgens die raad van sy wil – volgens die besluit wat Hy in die ewigheid geneem het. God voer alles in die tyd uit sodat die gelowiges tot lof van sy heerlijkheid kan wees. Wanneer 'n gelowige agterkom hoe die Here alles laat meewerk het om hom 'n gelowige te maak, moet hy in aanbidding en lof voor die Here buig. Want as dit nie vir God se besluit was nie, sou hy nog in sy ongeloof voortgeleef het. 'n Gelowige se bestaan behoort deur nederigheid gekenmerk te word, want wat hy geword het – 'n gelowige kind van God – is hy alleen aan die Drie-enige God te danke.

Dus geliefdes, God het al voor die skepping besluit watter verlore sondaars Hy na sy kant toe gaan terugneem. Nog voor die skepping het Hy al sy oog op hulle gehad en bepaal dat hulle verlos sal word. Artikel 6 eggo dus die woorde van Efesiërs 1:11 wanneer ons bely: ***Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit***. God alleen besluit wie verlos sal word en Hy laat hierdie besluit van Hom in die tyd tot uitvoering kom. Op grond van sy besluit maak Hy sommige mense se harte ontvanklik en ander los Hy in hulle verhardheid. In die woorde van artikel 6 klink dit so: ***Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik – hoe verhard hulle ook al mag wees – en buig hulle om tot geloof. Hulle wat egter nie verkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly***.

Hoe God mense ontvanklik maak en ander in hulle ongeloof los, word nie in hierdie artikel verduidelik nie maar kom in latere artikels aan die orde. Die fokus van artikel 6 is die besluit van God en in besonder dat God sy besluit tot uitvoering bring. Die wyse waarop God sy besluit uitvoer is ook deel van sy soewereiniteit. Dat sommige tot geloof kom en ander nie, is 'n bewys dat God aan die werk is.

Met klem bely ons die hardheid van die mense se harte. Die harte van die uitverkorenes is so hard dat die Here hulle harte moet vermurwe en ombuig om te glo. Vanself sal die mens se hart nie kan glo nie. Die hart van God se kinders is daarom nie beter of sagter as die wêreldling se hart nie. Maar aan die hart van die wêreldling hoef die Here niks te doen nie. Hy los hulle harte net soos dit tydens die sondeval in Adam geword het – ongelowig. Daarom sal die mens van nature nooit sy eie oordeel misloop nie.

Wanneer 'n mens artikel 6 lees tot waar ons dit tans behandel het, kan die vraag ontstaan of ons God dan nie tog die oorsaak daarvan is dat sommige mense verlore gaan nie? Miskien nie direk nie, maar indirek? Die skenk van geloof en die nie skenk van geloof volg tog uit God se ewige besluit. Dan lyk dit immers of 'n mens nie 'n ander gevolgtrekking kan maak nie as dat God tog 'n hand het in die verlore gaan van ongelowiges. En die volgende vraag wat mense dan vra: Kan God dan nie maar ook aan hierdie ander mense geloof gee nie?

'n Mens moet egter mooi dink vanuit watter oogpunt 'n mens sulke vrae sou vra. Ons sondige natuur is elke oomblik aan die broei binne-in ons. Wie meen dat God 'n hand het in die verlore gaan van ongelowiges, gaan van die standpunt uit dat die mens sonder sonde is – dat die mens tog die reg het om behou te word.

Ons leer die mens egter nie so ken in die Woord nie en ook nie in ons Dordtse Leerreëls nie. Die mens word aan ons voorgestel as 'n sondaar – iemand wat eiewillig gekies het om verlore te gaan omdat hy self aan die kant van die Satan gaan staan het teen God. Die Here het niks met die verlore gaan van die mens te doen nie. Die mens het dit sommer self in Adam al gedoen. Daarom het ons reeds in die eerste artikel bely dat alle mense verlore sondaars is. En as die Here alles maar gelaat het om sy gang te gaan na die sondeval, sou niemand ooit verlos kon word nie. Verlore gaan is die normale verloop na die sondeval. Om behoue te bly is die buitengewone en is slegs moontlik omdat die Here 'n ewige besluit geneem het om sommige mense uit te verkies. Daarom bely ons: ***Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeid tussen die mense, wat almal ewe verlore is.*** Indien God die mensdom geheel en al in die sonde gelaat het, sou niemand sy regverdige oordeel misgeloop het nie.

Die feit dat God tog in die ewigheid besluit het om aan sommige mense in die tyd die gawe van geloof te skenk en ook te sien hoe Hy hierdie besluit van Hom uitvoer, gee aan die heiliges en godvresendes onuitspreeklike troos. God is aan die werk. In die ewigheid het Hy besluit en Hy is nou besig om hierdie besluit uit te voer.

Hieruit volg daar twee dinge. Eerstens, die wete dat God in die ewigheid 'n besluit geneem het omdat Hy Hom voorgeneem het om nie alle mense in die verdoemenis van die sonde te laat bly nie, is vir ons as kerk van die Here genoeg rede om nooit op te hou om die evangelie te verkondig aan wie ook al die Here op ons pad stuur nie. Die gelowiges kan nie self besluit aan wie hulle die evangelie gaan verkondig en aan wie nie. Ons opdrag is om te verkondig. Wie van hulle wat hoor tot geloof gaan kom, is God se besluit alleen en Hy sal sy besluit in die tyd tot uitvoer bring.

Tweedens, die wete dat God 'n ewige besluit geneem het, maak die ware gelowige nie opstandig omdat die Here 'n aantal mense verbygegaan het in die uitverkiesing nie. Intendeel, die ewige besluit van God laat die ware gelowige in verwondering en aanbidding voor die Here buig omdat Hy sy harde hart ontvanklik gemaak het en omgebui het tot geloof.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:5, 7

- 5 Nou bring die tyd in volheidskringe / die vrug van Gods geheimenis –
tot Christus Hoof van alle dinge / op aarde en in die hemel is.
In hom is dit dat ons verkry het / die erfdeel ons verordineer,
wat God se wil ons voorberei het, / die wil wat alles hier regeer.
- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 Junie 2015